

**12 September**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 16:8-34**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 16:13,26,33**

**God se lankmoedigheid is genade en nie vir uitbuiting bedoel nie**

Van koning Baesa, Ela, Omri en Agab word dieselfde gesê: hulle het die Here, die God van Israel, uitgetart. Die OAV sê hulle het Hom geterg. Hulle het dit gedoen deur hulle goddelose lewenswyse, maar veral deur die feit dat hulle “nietige” afgode gedien en die volk verlei het om dieselfde te doen. Dit is eintlik verskriklik om te dink dat ‘n mens, ‘n skepsel van God, Hom kan tart en terg. Om iemand uit te tart is om te kyk hoe lank jy hom kan kwaad maak voordat hy gaan reageer. Om God te tart beteken om sy lankmoedigheid te beproef. Die Bybel sê inderdaad dat God lankmoedig is. Dit is een van die deugde van God wat deur gelowiges deur die eeue heen met dankbaarheid besing is. Sy lankmoedigheid is ‘n veilige hawe waarbinne Hy geleentheid tot bekering en redding gee. Sy lankmoedigheid is nie bedoel as voorwerp van uittarting nie. God laat Hom nie bespot nie. As jy Hom tart en terg met moedswillige sonde, dan beskou jy Hom doodeenvoudig as jou gelyke – Een met wie jy kan doen soos wat jy met jou buurman doen. En dit sal Hy nie toelaat nie. Christus se wederkoms sal nie plaasvind voordat God in sy lankmoedigheid al sy uitverkorenes tot geloof gebring het nie. God skenk die wedergeboorte en geloof aan elke uitverkorene voordat hulle sterwe. Vir elke mens op aarde val die lewe binne God se lankmoedige genade. Laat ons Hom dank en aanbid vir sy lankmoedigheid en dit nie sien as ‘n geleentheid om te kyk hoe lank Hy met my gaan uithou nie, want een of ander tyd hou sy lankmoedigheid op en net Hy weet wanneer dit is.

*Sing: Psalm 145:10,11*

*Ds PH Fick (Komatipoort)*